FMR Boekkeuse: Aanbieding Woensdag 19 Mei 2021

Aangebied deur Amanda Botha

Welkom by ons aanbieding van ***Boekkeuse***, ons gereelde program oor skrywers en boeke met my, **Amanda Botha**, as aanbieder.

Ons program vandag fokus op fiksie – twee romans onder bespreking, ***My naam is legio*** van **Madelein Rust** en **Marita van der Vyver** se ***'n Baie lang brief aan my dogter*** en **S J Naudé** se kortverhaalbundel, ***Dol heuning.***

Belangrik ook is die nuwe digbundel wat bekend gestel word. **Hans du Plessis** se ***Seisoene op parool,*** **Julian Jansen** se ***Seuns sonder Pa's*** en nie-fiksie jeugboeke ook aandag kry.

Ons ateljeegas is **Carla van der Spuy** wat gesels oor haar jongste boek, ***Gangsters***.

Onderhoud: **Amanda Botha** in gesprek met **Carla van der Spuy**. ***Gangsters*** (Tafelberg) **(8:57 min.)**

Onderliggend aan die probleem van gangsters is die afwesigheid van pa's in hulle lewe. **Julian Jansen** se ***Seuns sonder Pa's*** bring die skokkende realiteit onder die aandag dat meer as 60% van kinders in Suid-Afrika word sonder 'n pa of ander vadersfiguur groot.

Riette Rust bied haar indrukke aan.

Bespreking: Riette Rust bespreek **Julian Jansen** - ***Seuns sonder Pa's***. (Lux Verbi). (6:12 min).

Musiek:

Sedert ons laaste Boekkeuse program het 'n siedende brand groot skade aangebring, veral ook op die kampus van die Universiteit Kaapstad. Die brandpunt was die beroemde Jagger Biblioteek. Joan

Hambidge, hoogleraar in Afrikaans, het die gedig, Swart April, geskryf nadat sy haar kantoor vir die eerste keer na die brand besoek het.

Voorlesing: Joan Hambidge lees haar gedig "Swart April" voor. **(0.49 min)**

Joan Hambidge bespreek nou **Hans du Plessis** se jongste bundel, ***Seisoene op parool,*** wat deur Protea Boekhuis uitgegee is.

Bespreking: Joan Hambidge – Hans du Plessis se ***Seisoene op parool.*** Protea Boekhuis. **(3:16min.)**

Musiek:

Marita van der Vyver se ***'n Baie lang brief aan my dogter*** wat 'n outobiografies 'n verrekenning is, kom nou aan die buurt.

Eers bied **Riette Rust** haar indrukke aan en daarna ook **Joan Hambidge** se siening.

Bespreking: Riette Rust - Marita van der Vyver – ***'n Baie lang brief aan my dogter.*** (Tafelberg). **(7:39min)**

Bespreking: Joan Hambidge - Marita van der Vyver – ***'n Baie lang brief aan my dogter.*** (Tafelberg). **(3:30min)**

Musiek:

Nadia Victor bespreek op haar kenmerkende manier **Madelein Rust** se roman, ***My naam is legio.*** Lapa is die uitgewer.

Bespreking: Nadia Victor - Madelein Rust se roman, ***My naam is legio.*** Lapa. **(2:05 min).**

Ons jeugboekbespreking volg nou.

Bespreking: Amanda Botha – *Anatomicum* – Katy Wiedemann & Jennifer Z Paxton; ***Planetaruim* – Chris Wromell & Raman Prinja;**

***Die boek van Bome & Boek van Bye* – Wojciech Grajkowski & Piotr Socha; en *Diere van die orde* – Jules Howard & Fay Evans.** (Protea Boekhuis). (6:34 min).

Vir baie was grendeltyd as gevolg van Covid-19 verlede jaar ‘n kreatiewe periode, selfs vir diegene wat gedink het dat hulle nooit hulle hand aan skryf sou waag nie. ‘n Ouma met sewe kleinkinders waarvan vyf in die buiteland groot word, het besluit om haar storie oor haar Skotse terrier in boekvorm uit te gee. **Bea Heunis** van Somerset-Wes het toe ook haar kunstige, 14-jarige kleindogter, Issabella de Jager, wat in Saudi Arabië woon as illustreerder betrek. En sowaar daar verskyn ***The story of Birdie Dolores*** en ‘n tweede een is ook op pad.

Karin Nieuwoudt, ‘n ma en sielkundige tutor van Bellville, het haar digtalent ingespan en publiseer haar debuutbundel, ***Vrou in die spieël***, waarin sy op ‘n intieme en ontroerende wyse gestalte gee aan uitdagende lewenservaringe.

Musiek:

S J Naudé se kortverhaalbundel, ***Dol Heuning***, wat deur Umuzi uitgegee is, beskou **Joan Hambidge** as ‘n hoogtepunt in die Afrikaanse literatuur. Sy bied haar indrukke aan.

Bespreking: Joan Hambidge – **S J Naudé** – kortverhaalbundel, ***Dol Heuning***. (Umuzi) (3:57min.)

Baie dankie vir ons luisteraars se gewaardeerde terugvoering waaraan ons veel plesier het en baie inspirasie put. Elke keer is dit ‘n riem onder die hart!

Mag dit vir ons almal ‘n maand van vele vreugdes wees waarin boeke ‘n spesiale plek sal vul.

Ons groet tot ‘n volgende keer.